Sondag 21 Februarie 2016

Bloemfontein Baptiste Kerk

Saam groei ons tree vir tree

Studie 3 – Volg die Meester: Twee nature

Terugvoer:

- Moedig elkeen aan om EEN DING te noem waarvoor hulle teenoor die Here dankbaar is?
- Moedig elkeen aan om aan die einde van elke Kleingroepbyeenkoms hulleself daartoe te verbind om daardie week EEN DING te doen wat voortvloei vanuit die groepsbespreking. Kry terugvoer van elkeen: "Het jy dit gedoen wat jy tydens die vorige byeenkoms onderneem het om te doen?" "Hoe het dit gegaan?"
- Bid saam en sê vir die Here hiervoor dankie.

Visie

Verduidelik vir die groep die doel van julle weeklikse byeenkoms aan die hand van ons visie en strategie (die kruis):

Afskop

Elkeen van ons het as kind van die Here twee nature: 'n ou natuur en 'n nuwe natuur. Die ou natuur het te make met ons sondige natuur en vleeslike begeertes. Die nuwe natuur is die Heilige Gees wat ons gees kom nuut maak het en in ons kom woon het met ons bekering. Hierdie twee nature is in direkte konflik met mekaar. Lees Gal.5:17. As ons nie verstaan waarom hierdie stryd in ons binneste aan die gang is nie, kan dit ons heeltemal demoraliseer en moedeloos maak.

Bespreking

A) <u>Wanpersepsies wat bestaan oor die sondige natuur:</u>

- "Ek het al vir dae en weke aaneen niks sonde gedoen nie."
- "Ek kan my sondige natuur onderdruk en beheer daaroor uitoefen deur reëls en regulasies te volg."

Bespreek hierdie twee stellings aan die hand van 1 Joh 1:8 en Jes. 64:6.

B) <u>Hoekom vat dit vir my so lank om te verander?</u>

- Ons stryd teen die sondige natuur is 'n normale deel van ons geestelike lewe (1 Tim.6:12 / Gal.6:13/ 2 Tim.2:3)

- <u>Ons stryd teen die sondige natuur hou bepaalde voordele in vir ons geestelike lewe:</u>
  - Dit maak ons bewus van ons afhanklikheid van die Here.

- Dit beveg hoogmoed en arrogansie.
- Dit hou ons nederig.
- Dit forseer ons om die Here aan te roep vir hulp.
- Dit wys ons hoe nodig ons die Here se krag het in ons lewe.
- Dit leer ons om die Here Jesus lief te hê, want Hy verlos ons van ons sonde.
- Dit lei ons in 'n lewe van herhaaldelike bekering.
- Dit maak ons meer waaksaam vir die verleiding van sonde.
- Dit laat ons smag na die rus van die hiernamaals.
- Dit help ons om gesonde geestelike gewoontes aan te kweek.
- Dit dwing ons om staat te maak op ons geestelike broers en susters.

C) Hoe kan ons die sondige natuur oorwin?

- Word vervul met die Heilige Gees (Gal.5:16 / Ef.5:18)
- Reken jouself dood vir die sonde (Rom.6:1-2 / Rom.6:9-11 / Rom.6:6)
- Voer jou nuwe natuur elke dag (Rom.8:5-7 / Rom.12:2)
- Hou op om jou ou natuur kos te gee (Rom.13:14 / 1 Tes.5:22)

D) Die vrug daarvan wanneer die Heilige Gees in ons lewe heers

Lees Gal.5:16 / Gal.5:17 / Gal.5:25 / Joh.15:5

Gaan

- Vra: Vir wie gaan jy vertel wat jy vandag geleer het?

Neem 'n Volgende Stap

- Noem **EEN DING** wat vir jou uitstaan uit vandag se bespreking.
- Wat ervaar jy is **EEN DING** wat jy moet **DOEN** in die week wat volg?

Deel met die groep die EEN DING wat jy as groepsleier onderneem om te doen. Stel die voorbeeld vir die groepslede hierin.Moedig die elkeen om iets te doen wat meetbaar is en waaroor hulle volgende week kan terugvoer gee.Ons wil graag elkeen aanmoedig om 'n dader van die Woord te word en nie slegs 'n hoorder nie.

Gebed en Omgee

- Vra: Wat is die grootste behoefte/uitdaging op die oomblik in jou lewe?
- Vind uit of iemand in die groep nie dalk met daardie spesifieke behoefte kan help nie.
- Bid vir mekaar.